ARMOEDE, ARMES EN ARM MENSE

‘n Prakties-Teologiese Narratiewe Perspektief

Julian Müller

Wilhelm van Deventer

Abstract

As a contribution to the Dutch Reformed Church’s Year of Hope, this article attends to the problem of poverty. The topic is approached from a practical-theological narrative point of view, by means of which stories of poor people are related from which some theological wisdom is drawn.

Anthropological, cosmological, ecclesiological and practical-theological perspectives are highlighted. In this process the article moves away from an empirical-analytical outline of poverty and a hermeneutical-interpretative observation of the poor towards a critical-emancipative understanding of poor people as human beings. Looking at poverty as a human and dehumanizing problem, the article accentuates the church’s interhuman and sustained involvement with and in the service of poor people’s total existence.

From these insights a few guidelines are proposed concerning the ministries of prayer, witnessing, compassionate care and the prophetic role of the church. All of this is ultimately placed within the context of the open eschatological narrative of hope.

Die jaar waarin hierdie artikel gepubliseer word (2001) is deur die NG Kerk uitgeroep tot ‘n “Jaar van Hoop”. Dit wat gedurende hierdie jaar opnuut in die kollig geplaas word, is **V**ersoening, **A**rmoede en **M**orele herstel (vandaar die VAM-kommissie). In hierdie artikel sluit ons aan by die besinning oor armoede. Ons doen dit vanuit ‘n intense bewustheid daarvan dat ons as skrywers nie arm is nie, maar ons waag dit tog om te skryf omdat ons die behoefte het om deur die manier waarop ons skryf, ‘n opregte deernis tot en betrokkenheid by arm mense te bevorder. Daarom volg ons ‘n narratiewe benadering, sodat die ménse, en nie alleen hulle armoede nie, op die voorgrond kan tree.

1. ‘n Narratiewe benadering

Soos wat dit die geval is met HIV-VIGS, vrees ons dat die statistiese en saaklike hantering van ARMOEDE, meer van ‘n verlammende en nonchalante effek op bevoorregte mense kan hê, om nie eers te praat van die verdoemende en neerdrukkende effek op die arm mense self nie. Die praktiese teologie sou ook in die slaggat kon trap om bloot die verskynsel te bestudeer, in plaas van mee te leef met die persone wat daarmee saamleef. So ‘n bestudering staan dan in diens van navorsing self, die navorsers, die instansie wat die navorsing bedryf, maar nie in diens van die mense wat nagevors word nie. Daarom behoort praktiese teologie gedurig daarvoor op die hoede te wees om nie veralgemenende uitsprake te maak nie, maar eerder op klein skaal te probeer verstaan hoe mense hulle konkrete lewens ervaar, asook werklik te luister na die verhale van die betrokke persone. Dit is wat met ‘n narratiewe benadering bedoel word en dit word goed verwoord in die volgende aanhaling uit Pattison en Woodward (in Willows, D. and Swinton, J. (edd) 2000:42)

> Pastoral theology (*practical theology* – JM & WvD) at its best, like cultural anthropology, is probably a small scale enterprise which pays minute attention to particular situations and is more remarkable ‘for the delicacy of its distinctions not the sweep of its abstractions’ (Geertz 1991, p.25). It needs to pay minute attention to seeing and understanding a particular phenomenon and to listen before moving into carefully chosen words. Contextually and situationally sensitive pastoral theologies will be modest in their claims and assertions. This is a welcome feature amidst the past grandiosity of many theological enterprises which have sought to control and order the world rather than to understand it and to set particular individuals and communities free.

Hierdie artikel put veral uit die verhale wat Wilhelm van Deventer (mede-outeur) vertel na aanleiding van sy ervaring as predikant van die gemeente Tshilidzini, in Venda. Gedurende 1982 tot 1998 het hy die voorreg gehad om tussen arm mense te woon en saam met hulle te werk. In interaksie met hierdie persone, gesinne, families en gemeenskappe het hy die probleem van armoede nagevors en veral aandag geskenk aan armes se belewenis van hul eie armoede. ‘n Poging is aangewend om ‘n interduktiewe verband tussen eksistensiële armoedestories en verwante Bybelse verhale te bewerkstellig ten einde bepaalde rigtingwysers vir ryk en arm kerke wat in diens van arm mense wil staan en die probleem van armoede wil aanspreek, te formuleer.

Die verhale wat in die volgende afdelings van die artikel in die eerste persoon vertel word, spruit uit hierdie ervaringe van Wilhelm.

2. Arm mense

Aan die einde van 'n lang Saterdag se huisbesoek teen die hange van die Soutpansberg, stap ek sleepvoet bergaf met 'n grondpad. Teen die heuwel uit kom 'n inmekaar-gekrimpte ou vroutjie oortrek met plooie my tegemoet. Volgens tipiese Venda tradisie vra sy waarvandaan ek kom en waarheen ek op pad is. Ek verduidelik en sy vra dat ek ook vir haar 'n gebed moet kom doen. Die twee van ons stryk agter mekaar in die nou beespaadjie af tot by haar twee miniatuur hutjies wat omtrent die helfte so groot is as 'n deursnee huis in Lukau. Die muurtjies wat die klein lapa'tjie omring, is laag en ons gaan sit daarbo-op.

Vho-Mutshekwa se ouers is albei oorlede. Sy het nie broers of susters nie, was nooit getroud nie en kon ook nie kinders kry nie. Sy woon alleen, is ongeletterd, werkloos, sieklik en te jonk vir ouderdomspensioen. Sy het nie 'n lappie grond van haar eie nie en die gemeenskaplike lande lê onder in die vallei waar sy nie self kan kom nie. Sy leef van die oorskot van die arm mense rondom haar.

'n Maer hoendertjie hop oor die muurtjie en koek-kloek in die rigting van Vho-Mutshekwa. Sy steur haar nie verder aan my nie, kyk die dingetjie in die oë en met 'n opgehelderde gesig en glimlag groet sy dit met 'n Venda "Aa!".

Armoede is 'n mens, 'n mens met 'n naam en 'n liggaam - hoé krom en vertrek ook al,'n mens met 'n gebroke wese en 'n verlies aan waardigheid, 'n mens sonder mense en dinge, 'n mens met net 'n maer hoendertjie en oorskietkos.

Die kerk het derhalwe die verantwoordelikheid om armoede allereers in **teologies-antropologiese** terme te verstaan en as sodanig aan sy lidmate oor te dra. Nissen (1984:132) sê:

> Theologically we are concerned with a **spirit of poverty** which is the result of the ***corruptio totalis*** and which implies that the fundamental and total existence of the individual, group (e.g. family) and society is disturbed - described with wide

ranging terms like ‘poor’, ‘the poor’, ‘poor people’, ‘poverty’ as well as related concepts such as ‘an existence with very little sense and meaning’, ‘social inferiority’, ‘the meek and humble’, ‘oppressed’, ‘weak’, ‘destitute’, ‘needy’, ‘the one who depends’, ‘the one who is subjected’, ‘spiritual childhood’, ‘the helpless’, ‘afflicted’, ‘miserable’, ‘downtrodden’, ‘you poor’, ‘people living under bad conditions’, ‘deprivation of material riches’, ‘spiritual poverty of the rich’, ‘an increasing number of people who lack the most fundamental things -food, clothing and shelter’, ‘alienated and lack identity’, ‘an attitude to life’, ‘an outlook’, ‘powerless’, ‘voiceless’, ‘at the mercy of the powerful’, ‘apathetic’, etc.

Armoede is dus ‘n menslike probleem wat mense op ‘n onmenslike wyse verontmenslik. By hierdie prioriteit sal die praktiese teologie en die kerk moet vertrek in ons besinning oor en benadering tot die armoedeproblematiek. Sou dit egter bloot gaan oor ryk mense wat op eie stoom oor armoede praat en planne maak, sonder die aktiewe deelname van die armes self, sal die kerk die gevaar loop om weer eens die punt en geleentheid te mis en, soos in die geval van apartheid, laat en uitasem en met ongeloofwaardige optrede op die toneel te verskyn.

3. ‘n Arm konteks

Teen die middel tagtigjare word ek in diens geplaas van die wyksgemeente Malonga. Met my eerste besoek ontmoet ek twee vroue, Vho-Mulaudzi en Vho-Magoro. Hulle vertel my dat hier voorheen byna niks was nie - geen water, elektrisiteit, telefone, sanitasie, skool, kliniek, vervoer, ens. nie - slegs ‘n hut hier en daar. Hulleself het elders gewoon, maar met die koms van die tuislandbeleid en die afgrensing van sogenaamde selfregerende state moes alle Venda’s uit Gazankulu uit en alle Sjangaans uit Venda uit skuif. Só het dit gekom dat hulle by hierdie plek met niks neergesit is. Hulle noem dit toe Malonga n.a.v. die Malonga Vlakte wat ‘n baie dorre en ongenaakbare landskap in die noorde van Venda is. Hulle mans, soos omtrent al die mans van Malonga, is trekarbeiders in die stad en kom kuier Paasnaweke en Kerstye.

Arm mense bestaan geografies en/of sosiaal-psigologies op die gemarginaliseerde peri-periferie van die samelewing - dáár waar ons as professionele teoloë en kerkmense nie normaalweg is of kom nie. Die probleem moet derhalwe in méér as maar net personalistiese terme verklaar en hanteer word. Dit beteken dat die kerk alle **teologies-kosmologiese** dimensies van armoede onder oë moet neem ten einde lidmate te kan begelei tot begrip vir die breëre raamwerk waarbinne arm mense hulself bevind.

Wilson en Ramphele (1989:ix-xiii) lê die blaam vir armoede hoofsaaklik voor die deur van apartheid. Hierdie ideologie, met sy sisteem van afsonderlike ontwikkeling en gepaardgaande rassistiese en diskriminerende strukture en wette, het geen Bybelse grondslag en regverdiging nie en is derhalwe ‘n weerspieëling van die ***corruptio totalis*** in beide die persoonlike en publieke sin van die woord.

Mens sou natuurlik dadelik kon argumenteer dat daar ook armoede in die res van die apartheidlose wêreld en veral in Afrika voorkom. Tog moet ons besef dat die spesifieke konteks van ‘n Apartheid-Suid-Afrika ook ‘n spesifieke gesig van armoede in ons land na vore laat tree het. Daarom sê Badsha (1986:9):

> There are **three reasons** why the South African problem is **unique** in relation to the rest of the world. First is the width of the gulf between rich and poor, the degree of inequality. Poverty is furthermore a consequence of deliberate policy and lastly, a result of the extent to which there is a relation between racist attitudes and actions and the assault on poor people's humanity.

Hierdie onmenslike en verontmenslikende effek van apartheid bring Hamburg (1984:7) daartoe om te verklaar:

> To speak of impoverishment in this sense is to speak of human degradation so performed to undermine any reasonable and decent standard of human life.

Die invloede wat die Ou Suid-Afrika op arm mense gehad het, sal vir nog lank gevoel word. Die omvang van die positiewe veranderinge wat sedert 1990 en veral ná 1994 ingetree het, sal egter ook op ‘n profeties-kritiese wyse benader moet word, aangesien dit tog blyk dat armes armer en méér word. Volgens 1996 se inkomstesyfers (Hoop in Nood 2001:6) verdien 40% van ons bevolking minder as tweehonderd rand per huishouding per maand. Die laagste 10% van hierdie groep, maw die armstes onder die armes, bestaan uit 90% swart mense, 5% blankes, 4% kleurlinge en 1% Indiërs.

Die kerk sal sigself midde-in die wêreld van hierdie armes moet posisioneer en soos Hilfiker (1996:6) van sy eie mediese dienslewering in die binnestad van Washington vertel, in die gaping tussen ryk en arm, swart en wit, regering en gewone mense, kerk en kultuur, moet gaan leef ten einde al die oënskynlik teenstrydige en verdelende pole te konsolideer in belang van magtelose arm mense. Lidmate sal dus moet leer dat genade, geloof en grondbesit, eredienste en die verskaffing van toepaslike energie, Woordbediening en watervoorsiening, gebed en gesondheid, lofprysinge en gedeelde luukshede, samesang en skole, Bybelstudie en behuising, kategese en kultuur en Paasfees, Pinkster en puttoilette alles deel is van kerkwees in diens van ‘n arm wêreld.

4. ‘n Arm kerk

Drie-en-dertig kilometer van die slegste van slegte grondpaaie bring my uiteindelik by Makovha se klein kerkgeboutjie. Ek stap deur los sand tot by die deur wat nie meer bestaan nie. Binne staan ‘n klompie stukkende skoolbankies op ‘n vuil vloer. Van die dakplate is weg, die mure plek-plek erg gekraak en omtrent al die vensters daarmee heen.

‘n Moeder, ‘n dogter en dié se buite-egtelike baba daag op vir die diens. Ons sit sommer in ‘n klein kring en doen die hele liturgie. So gesels-gesels bring ek ‘n kort boodskap en nooi die twee vroue om ook saam te praat. Vho-Avheani sê sy het verstaan terwyl ek verduidelik het, maar noudat ek klaar is, kan sy nie meer onthou nie. Die meisie sê net sy weet nie. Ons sluit af en bid saam die Onse Vader, maar Takalani herinner my aan die kollekte. Sy vou toiletpaier oop, gee vir haar ma en kind elk iets en altesaam drie en ‘n half sent word op my Bybel neergesit. Ek haal my enigste R2 uit. Die somtotaal van ons bydrae dié dag is toe twee rand en drie en ‘n half sent.

Arm mense se arm kerk is volledig kerk van Christus. Minder grond en geld, minderwaardige geboue en besittings, klein getalle, eenvoudige en ongeletterde lidmate, seksuele misstappe, ens. maak nie van sulke gemeentes minder kerk nie. Die **teologies-ekklesiologiese** vraag is egter: hoe moet ‘n arm kerk, bestaande uit arm mense, sy eie lidmate met die goeie nuus van hoop bedien?

In die lig van die konkrete ervaring in Venda waarvan die verhale in hierdie artikel getuig en die gepaardgaande interaktiewe navorsing deur middel waarvan die stories van arm

mense en die Bybelse narratiewe oor armoede in gesprek met mekaar gebring is, kan ‘n paar riglyne oor só ‘n bediening, te midde van armoede en arm mense, getrek word (Van Deventer 1997:107-109):

- Whether a congregation be rich or poor, but particularly in the case of a local church consisting primarily of poor people, it is of the utmost importance for the relevant members to understand their **identity** as **church of Christ, called into being by the grace of God and through His Spirit and Word and moving forward into the future in the active expectation of the second coming of Jesus Christ.**

- This theological, christological, pneumatological and eschatological character of the church forms the foundation upon which the congregation builds its **identification** with the poor, because God involves Himself with those who suffer, especially through the incarnation of His Son as the poor Messiah and the indwelling of His Spirit, as well as the hope which the here and the hereafter of the Kingdom holds in store for the hopeless.

- Due to this identity and identification the content of the congregational ministry should therefore be the **gospel of the poor which is comprehensively and holistically proclaimed in word and in deed.**

- As such the congregation is empowered and inspired to **worship God in liturgy and in life.**

- This new way of worship is an **everlasting process of renewal and reformation** for the individual believer, the local congregation and the church at large, as well as for creation and society as a whole.

- The congregation is therefore under the obligation to **constantly examine itself** in terms of its relevance and effectiveness in its involvement with, responsibility towards and ministry to the poor. At the same time the local church has the duty to maintain its **prophetic witness** to the cosmological, political, socio-economic and cultural contexts within which the poor find themselves.

- If we then speak of a **practical pastoral ministry of hope to the poor**, we mean an **integrated and all-encompassing, yet open missionary witness** of kerugma, koinonia and diaconia by means of which the whole congregation brings the whole gospel of the poor to the whole world of poverty in the attitude of compassionate and suffering servanthood.

5. Arm mense, ryk mense en die kerk

Gelowiges en gemeentes is geroep tot ’n radikale en pragmatiese lewenswyse van kruisdra, selfverloëning en toekomsgerigte nadenke (Calvyn Inst III, 7, 8 en 9). Op grond van hierdie fundamentele eienskappe van gereformeerde spiritualiteit en vanuit die suksesverhale en mislukkings van bedieninge aan arm swart en wit mense in townships, stede, dorpe en plattelandse gebiede het ‘n mate van **prakties-teologiese wysheid** na vore getree tov beide mede-betrokkenheid en interaktiewe dienslewering in belang van arm persone. By hierdie ongemaklike ontmoetingspunt word die kerk in sy kerkwees tot in die wese van sy bestaan getoets. Derhalwe waag ons dit om hier oor te gaan tot ’n prakties-pastorale beslaggewing aan die artikel.

* Tema’s wat arm mense voortdurend ter sprake bring, en Skrifgedeeltes waarby hulle sterk aanklank vind, is byvoorbeeld: die herstel en vernuwing van God se gebroke beeld in die mens **(**Rom 8:29, 1 Kor 15:49, 2 Kor 4:4, Kol 1:15); ‘n nuwe lewe van gehoorsaamheid en verantwoordelikheid (Matt 5,6 en 7, Rom 12, Gal 5:16-22, Ef 4:17-24); toekomsgerigte groei (Fil 3:21, 1 Kor 15:14); stryd, volharding en voleinding (Rom 6:12-15, Rom 8:12-14, Gal 5:17-26, Ef 4:22-24, Kol 3:9, Rom 6:1-8:17, 2 Kor 7:1, 2 Kor 9:8, 2 Kor 10:15, Ef 5:27, Fil 1:10, 1 Tes 5:23, 2 Tes 1:3, Fil 3:9-16).

Die imperatiewe realisering van hierdie indikatiewe waardes het ons tot die gevolgtrekking gebring dat God Sy geskape en herskape mense deur stryd en volharding heen rig op die eskaton waarin die mens se vernuwing en herstel volmaak ontplooi. As sodanig is die mens voortdurend onderweg d.m.v. ’n dinamiese proses van groei en ontwikkeling t.o.v. al sy/haar bestaansverhoudinge. Op hierdie wyse word die mens getransformeer tot ’n nuwe lewe van nuwe gehoorsaamheid deur middel waarvan persone toenemende verantwoordelikheid aanvaar vir die uitdagings en geleenthede op die eskatologiese reis.

Hierdie grondliggende konsepte van vernuwing, herstel, stryd, volharding, groei, ontwikkeling, gehoorsaamheid en verantwoordelikheid spreek die wese van armoede as ’n menslike en verontmenslikende probleem direk aan en dra terselfdertyd by tot die herskryf van arm mense se selfrespek en selfstandigheid. Rondom dié vertrekpunte lê die fondamente van ’n prakties-pastorale bediening in diens van die armes.

* In hierdie verband speel **die gesin en familie** ‘n wesenlike rol. Armoede affekteer alle verhoudinge, maar by name die huwelik, gesin en familie en die probleem word van geslag tot geslag oorgedra met die gevolg dat mense in ‘n patroon van kroniese armoede verval. Só ’n bose kringloop kan slegs verbreek word indien die onmiddellike menselike konteks in sy geheel hanteer word.

Die bevordering van die kerngesin bly belangrik, maar in ’n mens se omgang met arm mense is ander gesinsvorme op die voorgrond - uitgebreide gesinne, poligame gesinne, enkelouer gesinne, ens. Indien die kerk enigsins wil bydra tot die herstel van die arm mens, sal ons bereid moet wees om die betrokke gesinne te beskou en te benader as ‘’n oop sisteem (Müller 1996:60).

Die fundamentele fokus sentreer steeds rondom die kerngesin as begronding van primêre verhoudinge deur middel waarvan wedersydse liefde, sorg, respek, diens, kommunikasie en probleemoplossing kan geskied. Terselfdertyd lê dit ’n vaste fondament vir goeie en gesonde uitgebreide families waarbinne arm mense ’n veilige tuiste kan vind en binne watter raamwerk verwante probleme soos trekarbeid, poligamie, enkelouerskap, tienerswangerskap, owerspel, mishandeling van mans, vroue en kinders, bloedskande, verkragting, geslagsgelykheid, kinderregte, dissipline, seksonderrig en by name ook HIV-VIGS effektiewelik hanteer kan word.

* Matt 12:46-50, Joh 19:26-27, Rom 12, 1 Kor 12, Ef 2:11-22 en ander verse dui op die kerk as ‘n huisgesin en liggaam. Ons sou kon praat van “God’s extended family” wat Hyself in Christus en deur Sy Gees versamel het om as plaaslike gemeente en breëre kerk in gemeenskap en eenheid te bestaan. Die menslike en medemenslike waarde hiervan is onmeetbaar in terme van veral arm mense wat ‘n grondliggende behoefte het aan sigbare erkenning en aanvaarding.

Die kommerwekkende tendens van sommige NG Kerk gemeentes, ringe en sinodes om hul sendingbetrokkenheid af te skaal en die slakkepas waarteen die eenwordingsproses met die VGK en RCA geskied, dien beslis nie hierdie hartsbegeertes van die meerderheid van arm mense in ons land nie. Kerklike nabyheid by die armes en deelgenootskap aan dieselfde eredienste, kategese, Bybelstudies, bidure, kerkraads-, rings- en sinodale vergaderings skep geleenthede vir ryk en arm om mekaar deurlopend te ontmoet, te ken en te dien. ‘n Jaar van gesprek oor armoede sal van weinig waarde wees indien daar nie ‘n herbesinning oor sending en kerkeenheid daarmee gepaard gaan nie.

* Berkhof (1979:415-416) sê dat die kerk se bediening in die wêreld uiteindelik sentreer rondom die lewe van die gelowige lidmate. Hy identifiseer vier wesenlike terreine wat van praktiese toepassing is op ons dienswerk tot heil en heelmaking van arm mense.

Gebed: kennisname van nood en gedissiplineerde voorbidding vir diegene wat ly, maar ook ‘n kritiese beoordeling van ons eie gebedsinhoude, bv: ‘n vry vertaalde en anonieme gedig uit Zimbabwe lui soos volg:

> ***Ek was honger en dors en naak***
>
> ***en julle het vir my gebid***
>
> ***maar nou’s ek nog steeds honger en dors en naak!.***

Getuienis: in die konteks van hierdie artikel beteken dit die mededeling van die evangelie in woorde en in aksies. Alhoewel hier geen sprake van dualisme kan en mag wees nie, is dit ’n vraag of die kerk nie eerder d.m.v. aksies die Woord moet laat spreek nie. By die Popo Molefe Nedersetting naby Hartbeespoort is die VGK en NG Kerk gesamentlik betrokke by ‘n speelgroep vir kinders, voedselvoorsiening aan hongerlydende gesinne, ’n sopkombuis vir kleuters, water en sanitasie, ens. Van tyd tot tyd, vind ‘n erediens of biduur ook plaas.

Barmhartigheid:

> Here it is not a matter of the church showing its own mercy to others, but rather the members of the body of Christ reflecting God's mercy in the face of merciless misery...The ultimate question is whether these men and women with meagre means experience our actions and reactions as a pastoral ministry of God's amazing mercy? (Van Deventer 1997:145).

Profetiese taak: Hier verkeer die NG Kerk in ‘n verleentheid vanweë die stilswye gedurende die ou orde. Diegene wat toé niks te sê gehad het nie, vind dit moeilik om na geluister te word indien hulle nou skielik iets probeer sê. Die geloofwaardigheid van ons profetiese rol in die samelweing is dus onder verdenking. Daarom bly openbare en geïnternaliseerde belydenis van wat ons in die verlede gedoen het en nie gedoen het nie

en wat ons steeds doen en nie doen nie, van wesenlike belang. Om egter bloot jammer te sê, is min en maklik en derhalwe hang die herstel van ons kritiese aansien hoofsaaklik af van wat ons nou en vorentoe anders leef.

Mashige (1996:103-104) sluit by Mtshale en Soyinka aan en sê dan:

> The implication for South Africa is that protest and resistance...will not fade away from the socio-political scene, but will have to change its focus from apartheid to issues pertinent to the new order such as poverty, unemployment, homelessness, gender discrimination and even the vestiges of corruption within the new ruling class.

Die kritiese rol van die kerk is om dit te waag met die mond en om tersefdertyd sulke profetiese woorde te onderskryf d.m.v. lidmate wat al die gepreek en gepraat vul met ‘n nuwe lewenswyse in diens van die armes.

Benewens die kerk se profeties-kritiese rol in die samelewing is dit ook nodig om aandag te skenk aan die omgewing. Beide Afrika en die Weste dra op verskillende wyses by tot die benadeling van die natuur en sodoende tot die verergering van armoede: Afrika d.m.v. oorbevolking en versadiging van die skepping en die Weste d.m.v. oorontwikkeling en oorverbruik daarvan.

Gedurende hierdie jaar is dit belangrik dat die NG Kerk die verband tussen armoede en die omgewing sal raaksien en met gekonkretiseerde hoop lidmate sal aanmoedig om die skepping van God te bewaak en te bewerk (Gen 2:8, 15). As geloofsgemeenskap kan die kerk op ‘n unieke wyse gelowiges bewus maak van die dinge rondom hulle, sowel as om ‘n interaktiewe pastorale gemeenskap tussen mense en hul omgewing te bevorder. Ongelukkig bestaan die persepsie dat hoofstroom kerke méér aandag skenk aan ‘groen sake’ i.p.v. die bruin en grys vraagstukke wat arm mense direk raak, bv skoon water, higiëniese sanitasie, goedkoop en besoedelingvrye energie en beveiliging.

6. ’n Oop toekoms

Deur die oë van arm mense lyk die hede sinloos en die toekoms duister. En teen die agtergrond van die verwagting dat die armes altyd met ons sal wees (Joh 12:8), bestaan daar by baie van hierdie persone ‘n uitsigloosheid wat van die dood ‘n beter opsie maak.

Noordmans (1979:122) gee ‘n bepaalde inhoud aan die begrip ‘tyd’ wat in hierdie verband toepaslik is:

> The concept of ‘another day’, a ‘present’ with ‘’God-given rest’’ as content…is a reality ‘today’, because it is the rest which Jesus gives to the tired, the heavy laden and the outcasts who died with Him under the cross (Luke 23:26). Within the context of the godly rest, time becomes a ‘divine present’ which is under way towards ‘another day’ when the rest will reach its completion. And it is this eschatological concept of time which brings comfort instead of despair…and is therefore nothing else but a pastoral encounter...God's eternal hope is thus actualized through the body of believers being there where the suffering is...impersonating the divine promise of hope.

Elke oomblik is dus deel van die ewigheid en bied sodoende ’n geleentheid tot hoopgewende diens aan arm mense. Dit impliseer egter nie bloot kitshulp nie, want die ewigheid dring die kerk tot volhoubare betrokkenheid by die armes. Gods hoop is binnetyds en ewig en die kerk moet ten alle koste hiervan ’n teken wees in aksies en projekte rakende armoede.

Hierdie interaksie tussen die goddelike toekomsgerigte hoop en pastorale teenwoordigheid gee beslag aan ’n nuwe mensheid en ’n menslike wêreld wat onder andere kan bydra tot die rehumanisering van arm mense. En as skildwag van die ewigheid het die kerk die verantwoordelikheid om wag te hou oor hierdie proses van die realisering van vernuwing en hoop in die “alreeds” en die “nog nie” van die eskaton.

Bibliografie

Badsha, O. 1985. South Africa: the cordoned heart.

Cape Town and New York.

Berkhof, H. 1973. Christian Faith. Grand Rapids: Eerdmans.

Calvyn, J. 1988. Institusie van die Christelike Godsdiens. Potchefstroom: Calvyn Navorsingssentrum.

Hamburg, D.A. 1984. Address from the President of the Carnegie Corporation of New York. Carnegie conference paper.

Hilfiker, D. 1996. Not all of us are saints. New York: Ballantyne

Mashige, M.C. 1996. Politics and Aesthetics in contemporary black South African poetry. MA dissertation, Department of English Faculty of Arts, Rand Afrikaans University, Johannesburg.

Müller, J. 1996. Om tot Verhaal te kom. Pretoria: RGN.

Nissen, J. 1984. Poverty and Mission. Leiden: IMMO.

Noordmans, O. 1979. Verzamelde werken 2. Kampen: Kok.

Pattison, S. with Woodward, J. 2000. A vision of pastoral theology: In search of words hat resurrect the dead (1994). Willows, D. & Swinton, J. (edd), 2000. *Spiritual Dimensions of Pastoral Care. Practical Theology in a multidisciplinary Context.* London: Jessica Kingsley Publishers.

Van Deventer, W.V. 1997. Church, Poverty and the Practical Ministry, PhD-thesis. Department of Dogmatics, Ethics and Practical Theology, Faculty of Theology, University of the North, Sovenga.

Willows, D. & Swinton, J. (edd), 2000. *Spiritual Dimensions of Pastoral Care. Practical Theology in a multidisciplinary Context.* London: Jessica Kingsley Publishers

Wilson, F & Ramphele, M. 1989. Uprooting Poverty: The South African Challenge. Cape Town and Johannesburg: David Phillip.

Ander bronne

Hoop in Nood. 2001. Werkboek vir Gementelike Werkgroepe. VAM-Komissie,

Ned. Geref. Kerk. Pretoria: ISWEN.